HOËRSKOOL RANDBURG

23 Februarie 2026

Geagte Ouers en Voogde

Ons is oorweldig deur die groot aantal inskrywings wat ons vir **Mej. Randburg** ontvang het. Dit is vir ons ongelooflik lekker om te sien hoeveel van ons dogters entoesiasties is en graag wil deelneem.

Ongelukkig kan nie almal aan die finale aand deelneem nie, aangesien ons soveel inskrywings ontvang het. Daarom gaan ons aan al die ingeskrewe dogters die geleentheid gee om aan 'n **uitdunrondte** deel te neem.

Die uitdunrondte vind op **Vrydag, 6 Maart om 17:00** in die **skoolsaal** plaas. Die dogters sal in hul **skoolklere** deelneem en sal **drie vrae** beantwoord.

Mej. Randburg is 'n leerder wat ons skool met trots verteenwoordig. Ons soek iemand wat:

- by skoolaktiwiteite betrokke is,
- respek vir haarself en vir ander het en
- goed na haarself omsien.

Ons is dankbaar dat ons vir elke dogter die geleentheid kan bied om aan die uitdunne deel te neem. Ná afloop van die uitdunrondte sal die **finaliste vir die finaal** bekend gemaak word.

Vriendelike Randjiegroete,

M. van Niekerk
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za